- Moenie spuitnewel inasem nie.
- Vermyn vel- en oogkontak deur die dra van beskermende oorklere terwyl die produk gemeng word.
- Was met seep en water na gebruik en na toevallige velkontak. Was ook die besoedelde klere.
- In die geval van oogkontak, spoel oë onmiddellik uit met water.
- Moenie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening van die produk of voordat hande en gesig gewas is nie.
- Moenie spuitnewel inasem nie en vermyn kontak met die spuitnewel.
- Voorkom wegdrywing van spuitnewel na ander gewasse, weiding, riviere, damme en areas wat nie onder behandeling is nie.
- **Maak toedieningsapparaat skoon na gebruik.** Spesiale aandag moet gegee word aan die skoonmaak van alle toerusting wat gebruik word in die vermenging en toediening van **DIVERT WG** om moontlike skade aan ander gewasse te voorkom.
 - i) Dreineer die sisteem geheel en al. Spoel die tenk, spuitbalk, pype en spuitkoppe deeglik uit met genoegsame skoon water.
 - ii) Dreineer die sisteem weer en hervul met skoon water.
 - iii) Voeg daarby 1 liter huishoudelike ammoniak vir elke 100 liter water.
 - iv) Bloei die hele sisteem weer om te verseker dat die ammoniakoplossing alle pype, spuitkoppe en spuitbalk gevul het.
 - v) Los die ammoniakoplossing in die stelsel vir ongeveer 1 uur voordat die tenk- en pypstelsel gedreineer word.
 - vi) Herhaal stappe iii) tot v).
 - vii) Spuitkoppe en filters moet verwyder word en in 'n ammoniakoplossing van die bogenoemde konsentrasie vir minstens 1 uur gehou word.

- viii) Besoedeling met die mengapparaat moet gewas word met 'n ammoniakoplossing, terwyl residue op die buitekant van spuittoerusting met skoon water verwyder kan word.
- Raak ontslae van die spoelwater waar dit nie gewasse, weiding, riviere, damme en boorgate sal besoedel nie.
 - Voorkom die besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
 - Spoel die leë houer **drie keer** uit op die volgende manier: Keer die leë houer om oor die spuittenk of mengbak en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloei tot 'n drup verminder het. Spoel die leë houer daarna drie keer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10% van die inhoud van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer op die voorgeskrewe wyse vernietig word.
 - Vernietig die leë houe en moet dit vir geen ander doel gebruik nie.

GEBRUIKSBEPERKINGS

Minimum wagperiodes en gewas-wisselbou riglyne:

- Gewasse anders as Koring, Gars en Hawer mag baie sensitief wees vir lae konsentrasies **DIVERT 75 WG** in die grond. Deeglike oorweging moet dus geskenk word aan gewasrotasie voor die gebruik van **DIVERT 75 WG**.
- Die minimum wagperiode dui op die tydverloop vanaf die laaste **DIVERT 75 WG** toediening en die verwagte datum van aanplanting van 'n opvolggewas.
- Om skade aan opvolggewasse te voorkom moet die volgende wagperiodes in ag geneem word na die toediening van **DIVERT 75 WG**.

Opvolg-gewasse na toediening van **DIVERT 75 WG** op graangewasse:

DOSIS / ha	Koring	Gars	Hawer	Soet & bitter lupiene	Kanola	Medics, klawers & lusern	Ertjies	Alle ander gewasse
Voor-opkoms 37.5g/ha	8 maande	8 maande	8 maande	11 maande	11 maande	13 maande	11 maande	24 maande
Na-opkoms 13-15 g/ha	6 maande	6 maande	6 maande	9 maande	10 maande	11 maande	9 maande	24 maande

Indien **DIVERT 75 WG** in kombinasie met enige ander onkruidodder gebruik word, moet oorweging geskenk word aan die beperkings op sodanige etikette.

Besproeide gewasse: Moenie **DIVERT 75 WG** op graangewasse onder besproeiing toedien nie.

Byvoeging van MCPA: Indien MCPA in spuitmengsel bygevoeg word, dien toe tussen groeistadium 7 en 13 van koring, volgens die lys van groeistadiums soos gepubliseer deur die LNR se Kleingraaninstituut in Bethlehem.

DIVERT 75 WG het 'n kort/beperkte nawerking op ontkiemende onkruid, wat beïnvloed word deur faktore soos pH, grondvog, onkruidspesies teenwoordig, ens.

Wisselvallige beheer/hergroei van onkruid kan voorkom indien een van die volgende gevalle voorkom:

1. Ligte, suur, sanderige grond wat:
 - geneig is om te loog.
 - geneig is om te versuip.
 - uitgebreide periodes van nat en koue (soos byvoorbeeld in die Bokkeveld voorkom).
2. Oormatige rotsagtige bedekking van grond.
3. In die Winterreënvalgebied indien toediening meer as 3 weke na-opkoms van onkruid gedoen word.
4. In die Winterreënvalgebied teen 'n lae gewas-plantpopulasie.

Onder toestande soos beskryf in 1. en 2. hierbo, moet die toediening van **DIVERT 75 WG** nie plaasvind later as 2 weke nadat onkruid in die Winterreënvalstreek opgekom het nie.

- Onder geen omstandighede moet ongebruikte spuitmengsel oornag gehou word nie.
- Moet nie **DIVERT 75 WG** op graan wat onder stremmingstoestande (stremming kan die gevolg wees van versuiptoestande, droogte, koue weerstoestande, siekte, insektskade en minerale element tekorte) verkeer, spuit nie.

Verduunningswater: Gebruik slegs water waarvan die kwaliteit geskik is vir oorhoofse besproeiing. Moenie water gebruik waarvan die geleidende potensiaal 1.0 mS/cm oorskry, of 'n weerstand laer as 300 ohms het, of indien die pH minder as 8 is.

Algemeen:

- Die nawerking van **DIVERT 75 WG** in die grond word beïnvloed deur grondvog en daarom is die hoeveelheid reënval en die verspreiding daarvan belangrik. Om hierdie rede, is die bogenoemde wagperiodes net geldig onder normale reënval hoeveelhede en die verspreiding daarvan binne die seisoen van **DIVERT 75 WG** toediening; tussen toediening en oes. Onthoudingsperiodes moet verleng word waar onvoldoende reënval of abnormale verspreiding voorgekom het. Bykomend, die bogenoemde wagperiodes is slegs geldig indien die korrekte **DIVERT 75 WG** dosisse op gronde met 'n pH (H₂O) van minder as 7.0 toegedien was.
- 'n Toetsaanplanting word in alle gevalle aanbeveel.
- Grondvog is noodsaaklik vir wortelopname en nawerking op breëblaaronkruid. Toediening van **DIVERT 75 WG** op droë bo-grondoppervlaktes of versuipde grondtoestande sal min of geen nawerking hê nie. Onder hierdie omstandighede kan sekere onkruidespesies hergroeï. Gronde met 'n lae pH-waarde sal veroorsaak dat **DIVERT 75 WG** vinniger afbreek, terwyl gronde met pH waardes bo 7.0 of wat vry kalk bevat sal die afbreek van **DIVERT 75 WG** verhoed wat kan lei tot 'n langer nawerking met moontlike gevolge vir opvolggewasse.
- Om moontlike skade aan opvolggewasse te voorkom, moet die wagperiodes soos hierbo aangedui nagekom word na toediening van **DIVERT 75 WG**. 'n Toetsbeplanting word in alle gevalle aanbeveel.
- Berei slegs genoeg spuitmengsel voor vir onmiddellike gebruik. Die mengsel is stabiel vir tot 6 ure. Ongebruikte spuitmengsel mag nie oornag gehou word nie.
- Reën binne 1 uur (of voor die spuitneerslag droog is) na **DIVERT 75 WG** toediening kan lei tot verlaagde doeltreffendheid op ontkiemende onkruid.
- Dien slegs toe op onkruid in die groeistadium(s) soos hieronder aangedui.
- Moenie **DIVERT 75 WG** op gewasse toedien wat alreeds simptome van grondgedraagde siektes vertoon nie, want die kombinasie van die siekte en die **DIVERT 75 WG** toediening kan tot verlies aan stand lei.
- Moenie **DIVERT 75 WG** toedien tensy die nagtemperatuur vir ten minste 5 agtereenvolgende nagte bokant 5 °C is nie.
- Tydelike blaarvergeling en/of vermindering van blaarlengte mag voorkom na **DIVERT 75 WG** toediening. Onder gunstige groeitoestande sal die gewas vinnig herstel en opbrengs behoort nie geaffekteer te word nie.
- Die vooropkoms-toediening van **DIVERT 75 WG** op gronde wat oormatige klippe, kluite en strooi bevat sal swakker onkruidbeheer tot gevolg hê. Oortollige strooi moet gebaal of verbrand word en die verbrande as moet ingewerk word.
- Die beste resultate sal verkry word indien **DIVERT 75 WG** na bewerking toegedien word.
- Moenie in kombinasie met formuleringe wat chlorpirifos bevat gebruik nie.
- Moenie **DIVERT 75 WG** toedien op enige gewas of situasie wat nie op hierdie etiket verskyn nie.
- Dien slegs **DIVERT 75 WG** met akkurate en veilige toedieningsmetodes toe.
- As **DIVERT 75 WG** gebruik word in 'n tenkmengsel met ander middels, moet oorweging gegee word aan die beperkings van daardie betrokke produk.
- Moenie naby vrugtebome of enige ander wenslike gewas/plant binne 50 m in enige windrigting spuit nie.
- Moenie hierdie produk in kombinasie of tenkmengsel met enige ander produk of landboumiddel gebruik wat nie spesifiek op hierdie etiket gelys is nie. Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk. aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige negatiewe gevolge indien die instruksies op die etiket nie nagekom word nie, tensy 'n Meridian Agritech verteenwoordiger vooraf geraadpleeg is.

Tydsberekening van toediening:

- Diklofopmetiel moet nie binne 10 dae toegedien word na 'n **DIVERT 75 WG** toediening nie.
- **DIVERT 75 WG** moenie binne 14 dae na die gebruik van diklofopmetiel of fenoksaprop-P-etiel op koring toegedien word nie.
- Moenie diklofopmetiel of fenoksaprop-P-etiel toedien na 'n **DIVERT 75 WG** toediening nie.
- **DIVERT 75 WG** moenie toegedien word binne 10 dae na 'n tralkoksiedim toediening nie.

Faktore wat onkruidbeheer beïnvloed:

Veranderlike onkruidbeheer of hergroei mag voorkom indien een of meer van die volgende toestande voorkom:

- Moenie toedien op gewasse en onkruid onderhewig aan stremming as gevolg van abnormale weer- of groeitoestande, droogte, versuip-toestande, hael- of windskaie, koue toestande, insek-skaie, aalwurminfeksies, siektes, voedingstekorte of gewasse onder stremming as gevolg van die gebruik van ander landbouchemikalieë of vir 'n tydperk van 4 weke daarna.
- Waar die gewasdigtheid (stand) laag is.
- Indien toediening van **DIVERT 75 WG** later as die aanbevole groeistadium van die onkruid plaasvind.
- Toediening op sandgrond met 'n lae water pH en/of versuipte - of hoë logingsgronde.
- Swakker onkruidbeheer kan verwag word met vooropkoms-toediening van **DIVERT 75 WG** op sanderige gronde indien dit met swaar reën opgevolg word.
- Aanhoudende of swaar reënval op veral ligte gronde (<15% klei), sal tot wisselvallige onkruidbeheer lei, deurdat die produk weg van die ontkiemingsone van die onkruidsaad loog.
- Moenie **DIVERT 75 WG** binne 24 uur van 'n voorspelde koue front of indien 'n koue front teenwoordig is, toedien nie.
Gaan slegs voort met toediening na 'n normale dag/nag se temperatuur.
- Onvoldoende bedekking/penetrasie a.g.v. groot kluitte en/of klipbedekte gronde.
- Onder hoë risiko toestande soos hierbo beskryf, moet **DIVERT 75 WG** nie in die somerreënvalstreek later as 2 weke na ontkieming van die onkruid toegedien word nie.
- In situasies van hoë onkruiddruk, verseker goeie bedekking van alle onkruid met die spuitmengsel. Hoë volume grondtoediening word verkies in sulke omstandighede. Slegs onkruid binne die gespesifiseerde groeistadium sal beheer word.
- Onkruid wat nie deur minimum of meganiese bewerkingsprogramme beheer word nie, sal nie beheer word nie.
- Jong onkruid wat aktief groei is makliker om te beheer. **DIVERT 75 WG** inhibeer onkruidgroei en hul kompetisie-effek binne ure, maar finale terugsterf van onkruid sal wissel na gelang van onkruidspesies en heersende toestande. Dien **DIVERT 75 WG** tussen die 3 tot 5-blaarstadium van die gewas in die Wes-, Suid- en Oos-Kaap toe en van die 3-blaarstadium van die koring (tot voordat die blaredak die onkruid afskerm) in die somerreënvalstreek, maar voordat die onkruid die maksimum aanbevole stadium oorskry.

Ondergesaaide graan:

- Moenie **DIVERT 75 WG** in gevalle waar ondergesaaide peulplante, klawers of weidings gebruik nie.
- Moenie in kombinasies met enige swaar-metaalbevattende produkte soos kalsium, sink, mangaan of koper gebruik nie.

WEERSTANDSWAARSKUWING

Vir weerstandsbestuur is **DIVERT 75 WG** 'n groeikode B(2) onkruid-doder. Enige insekpopulasie mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **DIVERT 75 WG** of enige ander groeikode B(2) onkruid-doder bevat. Die weerstandbiedende individue kan uiteindelik die onkruidpopulasie oorheers as hierdie onkruid-doders herhaaldelik gebruik word. Hierdie weerstandbiedende onkruid sal waarskynlik nie deur **DIVERT 75 WG** of enige ander groeikode B(2) onkruid-doder beheer word nie.

Om weerstand teen onkruid-doders te vertraag:

- Vermoë die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van onkruid-doders met dieselfde groeikode. Wissel af met of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende onkruid-doder-groeikodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in onkruidbeheerprogramme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

Die teenwoordigheid van sulke weerstandbiedende onkruid is moeilik om te bepaal voor toediening en dus kan die Registrasiehouer of die Verspreider nie verantwoordelikheid gehou word vir enige verliese deur **DIVERT 75 WG** wat nie weerstandbiedende onkruid beheer nie. Moenie **DIVERT 75 WG** alleen toedien in situasies waar onkruidweerstand bekend is nie. Sub-standaard toediening van **DIVERT 75 WG** of ander ALS-inhibeerder onkruid-doders sal lei tot onbevredigende onkruidbeheer wat kan bydra tot die ontwikkeling van weerstand teen onkruid-doders.

- Gebruik **DIVERT 75 WG** altyd as 'n deel van 'n geïntegreerde gewas- en weerstandsbestuursprogram (strategie) om onkruidweerstandbiedendheid te voorkom.

- Hierdie gewas- en weerstandsbestuursprogram moet altyd opeenvolging van onkruidodders met verskillende metodes van werking insluit, bv. **BRAWLER**.
- **DIVERT 75 WG** moet slegs een keer per jaar per land gebruik word. Indien dit nodig is om onkruidplante wat “deurgelip” het te beheer moet onkruidodders van ‘n ander chemiese klas gebruik word.
- Om weerstandbiedende grasse soos raaigras te beheer en te elimineer moet die doel wees om saadstorting van hierdie weerstandbiedende biotipes totaal te voorkom.
- **DIVERT 75 WG** alleen en in ‘n tenkmengsel soos aanbeveel moet gebruik word om graspopulasies te bestuur sodat:

- Weerstandbiedendheid teen produkte van verskillende chemiese groepe verhoed of vertraag word.
- Beheer van verskillende vlakke van weerstandbiedendheid teenoor verskillende produkte en chemiese klasse, bv. hoofsaaklik klas A (Fops en Dim’s) en klas B (Su’s) verkry word.

‘n Plaaslike plaasstrategie vir die voorkoming en bestuur van weerstandbiedendheid moet ontwikkel word. Riglyne is ontwikkel deur die “Herbicide Resistance Action Group” (HRAC) en voorskrifte is verkrygbaar vanaf HRAC, jou verspreider of agente of onafhanklike gewaskonsultant. Vir meer spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van die produk of besoek die HRAC webwerf by <http://www.hracglobal.com/Home.aspx>

GEBRUIKSAANWYSINGS

Gebruik slegs soos aangedui.

MENGINSTRUKSIES

Meng **DIVERT 75 WG** soos volg:

- Tel die aantal sakkies wat benodig gaan word volgens die aantal hektare wat behandel moet word en die spuittenkkapasiteit.
- Voeg die inhoud van die getelde sakkies in ‘n emmer met water en meng; verseker volle disintegrasie van die sakkies en volledige verspreiding van die inhoud.

Maak die spuittenk halfvol met skoon water. Gebruik slegs water wat geskik is vir besproeiing en vermy die gebruik van water met hoë vlakke van chloor. Pas die pH van die water aan tot tussen 6.7 en 7.5 indien nodig. Vermy die gebruik van spuitwater met weerstand laer as 300 ohm en elektriese geleidingsvermoë hoër as 1.0 mS/cm. Voeg die benodigde hoeveelheid benatter by die water in die tenk. Dit is nie noodsaaklik om die produk vooraf te meng nie. Laastens word die toepaslike vennootmiddel bygevoeg. Vul die spuittenk tot die verlangde volume terwyl geroer word. Indien tenkmengsels met ander landbouchemikalieë gemaak word, moet die betrokke etiket van daardie vervaardiger gevolg word. **Tenkmengsels moet onmiddellik gebruik word, en mag nie toegelaat word om in die spuittenk oornag te staan nie.** Spuittoerusting moet deeglik uitgespoel word aan die einde van die toediening soos hierbo beskryf.

VERENIGBAARHEID

Die verenigbaarheid van **DIVERT 75 WG** met ander produkte hang van die formulering van die betrokke produkte af, asook van die kwaliteit van die spuitwater wat gebruik word. Soos formulering van tyd tot tyd verander word daar aanbeveel om ‘n fisiese verenigbaarheidstoets te doen voordat die tenkmengsel gemaak word. Moenie **DIVERT 75 WG** in kombinasie met chlorpirifosbevattende produkte of fenoksaprop-P-etiel, tralkoksiedim of diklofopmetiel gebruik nie. **DIVERT 75 WG** is verenigbaar met **BROMOXYNIL 225 EC, MCPA, BRAWLER, DIFFLAN, PRISM 600 WG** and **V8**. **DIVERT 75 WG** moet altyd in samewerking met ‘n aanbevole benatter soos Sanawett, Agral 90, Zap of Solitaire gebruik word. Moenie ‘n minerale olie gebaseerde benatter gebruik nie.

TOEDIENINGSMETODES

Maak seker dat die spuittoerusting korrek gekalibreer is en gaan gedurende toediening na om egalige en akkurate toediening te verseker.

GRONDTOEDIENING

Trekkeergemonteerde spuitbalke kan gebruik word. ‘n Totale spuitvolume van ongeveer 200 l/ha moet gebruik word vir grondtoediening en kan met soliede- of holkeëlsputpunte aangewend word. **Konstante roering gedurende toediening is noodsaaklik.** Slegs skoon water moet gebruik word. Voorkom

oordosering deur oorvleueling van spuitbane te verhoed en deur sluiting van die spuitpunte gedurende die aanskakel, wanneer stadig beweeg word, gedraai word en wanneer stilgestaan word.

VOOROPKOMS TOEDIENING

- **DIVERT 75 WG** moet toegedien word met plant of kort daarna op 'n klam, fyn, egalige, ferm en vars voorbereide saadbed, vry van oormatige klippe, kluite en strooi. Om goeie resultate te verkry moet dit net na toediening reën.
- **DIVERT 75 WG** sal die beste beheer lewer op gronde waar toediening na bewerking en/of plantproses of saai uitgevoer is.
- Die inwerking van **DIVERT 75 WG** in die grond sal tot sub-optimale beheer van onkruid lei. Indien **DIVERT 75 WG** egter ingewerk moet word, moet op die volgende oorwegings gelet word:
 - Inwerking moet slegs op droë gronde geskied.
 - Inwerking moet net op sanderige grond gedoen word.
 - Inwerking moet baie vlak (< 2,5 cm diep) gedoen word.
 - Die grond moet vry van los klippe, klonte en vry organiese materiaal soos graanstrooi wees.
- Indien **DIVERT 75 WG** met 'n kousbalk vooropkoms gespuit word, moet die wind van die kousbalk heeltemal toegedraai wees.

NA-OPKOMS TOEDIENING

- Vir die beste resultate moet **DIVERT 75 WG** toegedien word wanneer die onkruid jonk en aktiefgroeiend onder vogtige toestande is. Onkruid wat onder droogtestremming verkeer, mag minder gevoelig wees. **DIVERT 75 WG** sal residuele beheer uitoefen op onkruid wat na die spuittoediening ontkiem, indien genoegsame reënval voorkom om dit na die wortelsone van ontkiemende saailinge te dra.
- Die gebruik van 'n geskikte benattingsmiddel word aanbeveel om die na-opkoms benatting en kontakwerking van **DIVERT 75 WG** te verbeter.
- Die groei van gevoelige onkruid word vinnig deur **DIVERT 75 WG** geïnhibeer. Die terugsterfsimptome mag egter eers na 1 tot 3 weke na toediening waarneembaar wees, afhangende van die groeitoestande en onkruidgevoeligheid.
- Die afbreking van **DIVERT 75 WG** in die grond neem af soos die pH toeneem (alkalies) en die grondvog verminder. Om aan die minimum wagperiode vir opvolggewasse te voldoen, soos gespesifiseer, moet **DIVERT 75 WG** nie op gronde met 'n pH (H₂O) van 7 of meer toegedien word nie.

LUGTOEDIENING

Lugtoediening van **DIVERT 75 WG** kan slegs deur 'n geregistreerde Lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS Kode 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) toegepas word. Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word en dat die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is dus noodsaaklik om aan die volgende vereistes te voldoen:

- Volume: 'n Spuitmengsel volume van 30 liter per hektaar word aanbeveel. Aangesien hierdie produk nie teen 'n verlaagde volume getoets is nie, kan die registrasiehouer nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk toegedien word teen 'n laer volume as hierbo aanbeveel nie.
- Druppelbedekking: 30 tot 45 druppels per cm² moet op die teikenarea herwin word.
- Druppelgrootte: 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 350 mikrons word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikrons (hoë wegdrywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.
- Vlieghoogte: Handhaaf die hoogte van die spuitbalk op 3 tot 4 meter bokant die teiken. Moet nie spuit wanneer die vliegtuig klim, duik, draai of uitklim nie.
- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar wat die minste verlies van produk verseker. Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike Relatiewe Span produseer.
- Plaas al die atomiseerders in die binneste 60 tot 75% van die vlerkspan om te verhoed dat druppels binne-in die vlerkpuntvorteks beweeg.
- Die verskil in temperatuur tussen die nat- en droëbollesing, soos deur 'n swaai-higrometer bepaal, moet nie 8 °C oorskry nie.
- Staak bespuiting indien die windspoed 15 km / h oorskry.
- Staak bespuiting tydens turbulente, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
- Bespuiting onder temperatuurinversie-toestande (deur bokant of binne-in die inversielaag te spuit) en/of hoë lugvogtoestande (relatiewe humiditeit 80% en meer) mag tot die volgende lei:

- a) verlaagde effektiwiteit as gevolg van suspensie en verdamping van klein druppels in die lug (onvoldoende bedekking op teikenarea).
- b) skade aan ander sensitiewe gewasse en/of nie-teikenareas deur wegdrywing van die spuitwolk van die teikenarea af.
- Maak seker dat die Lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit moet word.
- Verkry 'n versekering van die Lugbespuitingsoperateur dat aan bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang saamgestel sal word in 'n logboek vir toekomstige verwysing.

AANBEVELINGS

NA-OPKOMS TOEDIENING VAN DIVERT 75 WG IN DIE WES- EN SUID-KAAPSE AREAS

GEWAS	DIVERT 75 WG (g/ha)	TYD VAN TOEDIENING
Koring	Grondtoediening: 13 g DIVERT 75 WG per ha PLUS bevorderingsmiddel Lugtoediening: 15 g DIVERT 75 WG per ha PLUS bevorderingsmiddel	Beste onkruidbeheer sal verkry word wanneer toediening op onkruid in die 2-6 blaarstadium gemaak word en wat aktief groeiend onder stresvrye omgewingstoestande verkeer. Sien hieronder onkruidlys vir onkruidbeheer en onderdrukking.

VOOR-OPKOMS TOEDIENING VAN DIVERT 75 WG IN DIE WES- EN SUID-KAAPSE AREAS

GEWAS	DIVERT 75 WG (g/ha)	TYD VAN TOEDIENING
Koring	Grondtoediening: 37.5 g DIVERT 75 WG per ha	Beste onkruidbeheer sal verkry word wanneer toediening op 'n goed voorbereide saadbed sonder groot klonte en met voldoende grondvog gedoen word. Verseker eweredige bedekking van die spuitmengsel op die grondoppervlak. Sien hieronder onkruidlys vir onkruidbeheer en onderdrukking.

VOOR-OPKOMS TOEDIENING VAN DIVERT 75 WG + BRAWLER IN DIE WES- EN SUID-KAAPSE AREAS

GEWAS	DOSIS/ha	OPMERKINGS
Koring en Gars	Grondtoediening: 3 l BRAWLER + 30 g / ha DIVERT 75 WG	Verseker dat die inligting onder "GEBRUIKSAANWYSINGS" nagekom word. Alle behandelings moet voor-plant toegedien word en vooropkoms van gewas en onkruid.

- Verseker dat Koring en Gars na plant, maar voor toediening met 2-3 cm grond bedek is.
- Volg die aanbevelings noukeurig op die **BRAWLER** etiket.

Gewasskade:

- **DIVERT 75 WG** kan ernstige skade aan Gars veroorsaak. Verseker dat daar nie oortoediening plaasvind a.g.v. berekeningsfoute of dubbele toediening nie, bv. oorvleueling.
- **BRAWLER + DIVERT 75 WG** vooropkoms toegedien mag stadige gewasopkoms tot gevolg hê, asook verminderde gewasstand of vergeling. Hierdie kenmerke is egter van verbygaande aard en die gewas herstel vining en dit behoort nie 'n negatiewe effek op die oes te hê nie.
- Die herstel kan toegeskryf word aan die vermoë van die plant om met verhoogde stoel en aargetalle te kompenseer.
- **DIVERT 75 WG** en **BRAWLER + DIVERT 75 WG** mag tot gewasskade of standvermindering lei:
 - Tydens nat en koue toestande, veral gevolg na oormatige reënval (> 40mm).
 - Indien saad op die grondoppervlak ontkiem (onvoldoende bedekking of inwerking tydens saai).

- Skade mag meer prominent wees indien die sade te vlak geplant is sonder 'n voldoende grondlaag bo-oor die sade.
- Die moontlikheid van gewasskade word grootliks verminder wanneer die koringsaad met 'n koringplanter geplant word. Gewasskade mag meer dikwels voorkom indien dit breedwerpig gesaai word, veral wanneer die saad nie met voldoende grond na saai bedek is nie.

VOOR-OPKOMS TOEDIENING VAN DIVERT 75 WG + DIFFLAN IN DIE WES- EN SUID-KAAPSE AREAS

GEWAS	DOSIS / ha	TYD VAN TOEDIENING
Koring en Gars	200 ml DIFFLAN + 30 g/ha DIVERT 75 WG	Toediening moet geskied tydens, of so gou moontlik na plant. Sien tabel hieronder vir onkruid beheer. Vorige toediening en inwerking van trifluralin het nie 'n negatiewe effek op die beheer van onkruid met die DIFFLAN/DIVERT mengsel nie.

ONKRUIDE WAT VOOROPKOMS DEUR DIVERT 75 WG IN DIE WINTERREËNVALGEBIEDE BEHEER WORD:

Wetenskaplike naam

Anagallis arvensis
Arctotheca calendula
Fumaria muralis
Plantago lanceolata
Raphanus raphanistrum

Gewone naam

Pimpernel
 Soetgousblom
 Duiwekerwel
 Smalweëblaar
 Ramenas

ONKRUIDE WAT VOOROPKOMS DEUR DIVERT 75 WG IN DIE WINTERREËNVALGEBIEDE ONDERDRUK WORD:

Wetenskaplike naam

Avena fatua
Emex australis
Lolium multiflorum
Oxalis pes caprae
Phalaris minor

Gewone naam

Gewone wildehawer
 Kaapse dubbeltjie
 Italiaanse raaigras
 Suring
 Klein kanarie-saadgras

ONKRUIDE WAT VOOROPKOMS DEUR DIVERT 75 WG + BRAWLER IN DIE WINTERREËNVALGEBIEDE BEHEER WORD:

Wetenskaplike naam

Cotula australis
Lolium spp.
Raphanus raphanistrum
Chenopodium album
Anagallis arvensis
Fumaria spp.
Emex australis (60-90%)

Gewone naam

Cotula
 Raaigras
 Ramenas
 Withondebossie
 Blouselblommetjie
 Duiwekerwel
 Kaapse dubbeltjie

ONKRUIDE WAT IN KORING EN GARS TEEN 200 ml/ha DIFFLAN + 30 g/ha DIVERT 75 WG IN DIE WINTERREËNVALGEBIEDE BEHEER WORD:

Wetenskaplike naam

Lolium spp.

Gewone naam

Raaigras (70-90%)

NA-OPKOMS TOEDIENINGS IN WES- EN SUID-KAAPSE AREAS

GEWAS	DIVERT 75 WG (g/ha)	TOEDIENING
Koring, Gars en Hawer	Grondtoediening: 13g DIVERT 75 WG per ha PLUS bevorderingsmiddel / 100 l spuitmengsel OF 13 g DIVERT 75 WG per ha PLUS 600 – 750 ml/ha bromoxynil 225 EC Lugtoediening: 15 g/ha DIVERT 75 WG PLUS bevorderingsmiddel / 100 l spuitmengsel	Beste onkruidbeheer sal verkry word wanneer toediening op onkruid wat aktief groeiend onder stresvrye omgewingstoestande gemaak word. Spuit na-opkoms wanneer gewas in die 2 tot 5 - blaarstadium is, maar nie later nie as 4 weke na-opkoms van onkruid nie. Onkruid moet nie groter as die 4-blaarstadium wees nie. Gebruik die laer dosis van BROMOXYNIL 225 EC as <i>Emex australis</i> in die saadlob-3-blaarstadium is en die hoër dosis as <i>E. australis</i> meer gevorderd as die 3-blaarstadium is. Vir lugtoediening voeg die aanbevole hoeveelheid van 'n wegdrywingsbeheermiddel by die mengsel.
Koring en Gars	Grondtoediening: 13g DIVERT 75 WG per ha PLUS 7 g Prism per ha PLUS bevorderingsmiddel / 100 l spuitmengsel Lugtoediening: 15 g/ha DIVERT 75 WG PLUS 7 g PRISM 60 WG per ha PLUS bevorderingsmiddel / 100 l spuitmengsel	Beste onkruidbeheer sal verkry word wanneer toediening op onkruid wat aktief groeiend is, onder stresvrye omgewingstoestande, gedoen word. Spuit na-opkoms wanneer gewas in die 2-5 blaarstadium is, maar nie later nie as 4 weke na-opkoms van die onkruid nie. Onkruid moet nie groter as die 4-blaarstadium wees nie. Gebruik die mengsel DIVERT 75 WG PLUS PRISM 60 WG vir verbeterde beheer van <i>Emex australis</i>. Vir lugtoediening voeg die aanbevole hoeveelheid van 'n wegdrywingsbeheermiddel by die mengsel.

ONKRUID WAT DEUR DIVERT 75 WG IN DIE WINTERREËNVALGEBIED BEHEER WORD:

Wetenskaplike naam

Chenopodium murale
Malva parviflora
Oxalis pes-caprae
Pentzia grandiflora
Pentzia suffruticosa
Raphanus raphanistrum
Sisymbrium capense
Silene gallica
Stellaria media

Gewone naam

Muurhondebossie
Kiesieblaar
Geelsuring
Groot Stinkkruid
Klein Stinkkruid
Ramenas
Strandwildemosterd
Kruitbossie
Gewone sterremuur

Dien na-opkoms toe, maar nie later as 3 weke na-opkoms van die onkruid nie. As Kaapse dubbeltjie (*Emex australis*) of Soetgousblom (*Arctotheca calendula*) teenwoordig is, kan BROMOXYNIL 225 EC by die spuitmengsel gevoeg word. 'n Tenkmengsel van **DIVERT 75 WG** en **Prism** kan gebruik word om Kaapse dubbeltjie in die Wes- en Oos-Kaap streke te beheer.

NA-OPKOMS TOEDIENING IN DIE VRYSTAAT

GEWAS	DIVERT 75 WG (g / ha)	TOEDIENING
Koring	Grondtoediening: 13 g DIVERT 75 WG per ha PLUS 600 – 750 ml/ha bromoxynil 225 EC OF 15 g DIVERT 75 WG per ha PLUS 2.0 – 4.0 l/ha MCPA 400 SL PLUS bevorderingsmiddel / 100 l spuitmengsel	Beste onkruidbeheer sal verkry word wanneer toediening op 'n goed voorbereide saadbed sonder groot klonte en met voldoende grondvog gedoen word. Verseker eweredige bedekking van die spuitmengsel op die grondoppervlak. Sien hieronder onkruidlys vir onkruidbeheer en onderdrukking. Voeg MCPA 400 SL by vir die beheer van withondebossie en slegs met grondtoediening. Dien toe tussen groeistadium 7 (middelste dubbelriewe vergroot) en 13 (baard van die boonste aartjies verleng) van koring volgens die lys van groeistadiums gepubliseer deur die LNR-Kleingraaninstituut, Bethlehem.

ONKRUID DEUR DIVERT 75 WG IN DIE SOMERREËNVALSTREEK BEHEER EN MAKSIMUM ONKRUIDSTADIUM:

Wetenskaplike naam

Chenopodium album

Fallopia convolvulus

Gewone naam

Withondebossie

Wildebokwiet

ALGEMENE OPMERKINGS

- Alhoewel onkruid wat met **DIVERT 75 WG** gespuit is ophou sal groei kort na toediening, om sodoende die kompetisie-effek uit te skakel, mag die maksimum visuele effek eers tot en met 28 dae na toediening waargeneem word.
- Byvoeging van 'n buffer en benatter by die spuitmengsel is noodsaaklik.
- Verseker dat voldoende grondvog in die wortelsone beskikbaar is.

ERKENNING VAN HANDELSMERKE

Brawler (L 10190)
Diffan (L 8313)
Prism Max 600 WG (L 8846)
Sanawett 90 (L 4678)
Solitaire (L 6962)
V8 (L 10379)
Zap (L 6912)

Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.
Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.
Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.
Dow agro sciences SA (Edms.) Bpk.
Safagric (Edms.) Bpk.
Meridian Agrochemical Company Edms.) Bpk.
Rolfes Agri (Edms.) Bpk.